**12 Oktober** **Skrifgedeelte: Matteus 20:1-16**
**Fokusgedeelte: Matteus 20:16**

**So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste**

Op die vraag van Petrus wat hulle beloning sal wees omdat hulle Jesus volg, antwoord Jesus (Matt 19:27, 30): “Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.” Omdat die dissipels hierdie woorde nie kon verstaan nie, vertel Jesus dié gelykenis van ’n eienaar wat arbeiders vir sy wingerd huur. Sommige begin baie vroeg werk, ander om nege-uur, twaalfuur, drie-uur en vyfuur. As hy nou vir al die werkers dieselfde dagloon betaal, is daar groot ontevredenheid onder diegene wat die hele dag gewerk het. Hulle het meer geld verwag.

Met dié gelykenis wil Jesus vir sy dissipels sê: Julle het so pas gevra na julle loon wat julle sal ontvang, omdat julle alles verlaat het. Ek het vir julle gesê hoe groot die loon sal wees (vs 19:28). Maar as julle nou *te veel* oor daardie loon nadink, en nie besef dat dit ’n *groot voorreg* is dat julle My mag volg en dien nie, word julle, wat eerste is, laaste. Julle kan net die eerste wees en bly as julle nie jaloers is op mense wat – ná baie sondes – eers later tot bekering kom nie. Ja, deur jaloersheid kan die dissipels – en jy – die laaste word. Laat ons biddend daaroor nadink!

*Sing: Skrifberyming 15-3(39):1, 4* *Dr. CJ Malan (Emeritus)*